Kamp Februarie 25 - 28

Snaaks hoe gou 'n mens weer terug verval in jou daaglikse, besige roetine, want hierdie email wou ek al verlede week vir jou gestuur het.

Eerstens wil ek vir jou en Willem baie dankie se vir die werk wat julle doen. Ek glo julle het 'n gawe ontvang om met mense se harte te werk.

Ek het vreeslik uitgesien na die kamp. Of dit nou was om tyd met die Here te he of net om van die huis af te vlug vir 'n hele naweek weet ek nie so lekker nie, maar ek dink dis maar normaal vir elke ma om so te voel, hehehehe.

Nee, ek het regtig met 'n verwagting gegaan om nie te groei of enige van die aard nie, maar om net weer te voel God is daar. Ek het so besig geword met my alledaagse take, kinders, besigheid ens. dat daar wynig amper nooit tyd was vir die Here nie. Ek het nooit tyd om Bybel te lees nie, ek gesels met die Here as ek dorp toe ry in die kar en ja ek wou net gehad het die Here moet my net aanraak en laat weet al het ek nie altyd tyd vir Hom nie, Hy steeds daar is.

So my gesprek met die Here as jy ons uitgestuur het was elke keer: "Ag Here raak my aan en laat my weet U is daar"

Ek het dit vreeslik geniet om by die drie kruise stil te word. Die dag wat jy die pamflet gegee het en gese het ons moet ons naam gaan vra van die Here, het ek soos elke keer by die drie kruise gaan sit op 'n groot klip.

Ek het die papier gelees tot so in die helfde van die eerste bladsy en weer terug gegaan na my gebed dat die Here my moet laat weet Hy is daar. Die son was besig om te sak agter die kruise. (Pragtige prentjie) Ek die papier so in die hoeke vasgehou en met dit gespeel toe my oog die woord NEMA vang in die middel van die blaai, amper half op sy eie. Ek het die blaai omgedraai en dit was AMEN wat die laaste gebed op die pamflet afgesluit het.

Ek het vir die Here gevra of dit nou my naam is, want ek moet erken ek het hom gevra Hy moet net onthou ek hou nie van algemene name nie. Altwee my seuns het besonderse name en ek is gek oor iets anders. Wel ek het gedink daar bestaan nie eens so woord nie, so ek het dit gelos.

Deur daardie aand se sessie het die woord NEMA kort-kort by my gespook. Maar ek het nie 'n clue gehad wat dit beteken nie. Ons is daar weg met 'n opgeruimde hart en borrelende gees. By die huis gekom en ek is heel eerste rekenaar toe. Ek dink my arme man se moed het helemal gesak, want hy het vir

my gese ek sal nie die naweek kan oorleef sonder my FACEBOOK nie. Ek het nie gefacebook nie, nee nee, NEMA het my bly pla. Google die naam: wragtig dis 'n Arabiese meisienaam wat BLESSING beteken.

Dadelik besef ek maar almal wat my blad besoek op facebook het vir my gese hoe gebless ek is met die talent om fotos te neem. Dat hulle mal is daaroor en ek God se oogappel moet wees.

Ek het dadelik besef God het my laat weet Hy is nog daar, want ek het gevoel hoe sal Hy my naam aan my openbaar as ek nie tyd het om met Hom te spandeer nie.

Dit was wonderlik. Ek het die mooiste naam en ek kon nie vir beter gevra het nie.

Ek heg 'n paar fotos aan wat ek so deur die naweek geneem het. Ek hoop julle geniet dit. Fotos neem was my droom van klein dogtertjie. My beker loop oor. Ek kry soveel afsprake dat ek nie kan voorbly nie, maar God kry sy 'booking' elke dag en dis wonderlik!!!!

Liefde-groete

Ilse Auld